Laerskool Queenswood

Omsendbrief 26

24 Augustus 2011

Geagte Ouers en Voogde

HERREGISTRASIE VAN LEERDERS:

Baie dankie aan alle ouers wat gereageer het en die herregistrasie van hul kind/ers teruggestuur het skooltoe. Indien u nog nie u kind se herregistrasie teruggestuur het nie, versoek ons u om dit so gou moontlik te doen.

BOBBY VAN JAARSVELD:

Dankie aan almal. Die Bobby van Jaarveld-vertoning was 'n reuse sukses.

Sonder almal se hulp en ondersteuning sou ons dit nie kon doen nie!

AKADEMIES - TOP TIEN LEERDERS:

GRAAD 4

1. Bianca Kühn
2. Kayleigh Slemment
3. MC Botha
4. Kayla Coetzer
5. Christo Borman
6. Megan van Herk
7. Charmaine Pretorius
8. Carlie van Tonder
9. Monique Driescher
10. Armin Jordaan / Rochelle van Rensburg

GRAAD 5

1. Marguerite Robinson
2. Ruan Kühn
3. Philné Strydom
4. Linda Grobler
5. Megan Stuyn
6. Ruben Els
7. Sarina Roux
8. Reinier Vos
9. Awie van der Merwe
10. Jan-Hein Wiegand

GRAAD 6

1. Handré Grobler
2. Leonard Kets
3. Katrina Maree
4. Dané le Roux
5. Hanli Theyse
6. Cari Laubscher
7. Dewaldt van der Merwe
8. Jan-Adrian Venter
9. Edmond Ludick
10. Mariloux Snyman

GRAAD 7

1. Nicole Janse van Rensburg
2. Megan Kayser
3. WP Struweg
4. Ilke Roux
5. Emma van Dyk
6. Marli Nagel
7. Anchen Wiegand
7. Chani Janse van Rensburg
8. Emmerenske de Wet
9. Jonathan Britz

STADSAALOPTREDE:

Sterkte aan ons Revuegroep, Junior– en Seniorkoor wat Donderdag, 25 Augustus 2011, in die Stadsaal saam met Jakkie Louw optree. Dit is altyd 'n groot belewenis. Daar is nog kaartjies teen R48.00 elk in die kantoor by Elize beskikbaar.

LOSLITDAG:

Ondersteun asseblief loslitdag ten bate van Via Nova-skool op Vrydag 2 September 2011. Leerders wat R10.00 betaal vir 'n plakker mag daardie dag gewone klere aantrek.

ONS HELP ONS GESINNE:

Ons het dit goedgedink om te vra, indien moontlik, dat leerders op 2 September 2011 blikkiekos of onbederfbare kos skooltoe sal bring vir gesinne in ons skool wat sukkel. Indien u van iemand weet, of self kos benodig, skakel asseblief die algemene kantoor van die skool.

Punte van belang:

Herregistrasie

Bobby van Jaarsveld

Top tien

Stadsaaloptrede

Loslitdag

Ons help ons gesinne

INSTAPPIE:

Alle intermediêre– en seniorfase leerders het vandag 'n instapbriefie ontvang. 'n Professionele teatermaatskappy besoek die skool op 17 Oktober 2011 en bied vir ons 'n opvoedkundige optrede met die tema "kry 'n lewe/get a life" aan. Die aanbieding kos R15.00 per leerder.

KASKARVERGADERING:

Alle klasverteenwoordigers word uitgenooi om Dinsdagaand, 30 Augustus 2011, om 18:00 hierdie vergadering in die personeelkamer by te woon.

KOPLUISE/NETE:

In alle skole bestaan hierdie probleem. Die ongewensde vriende maak hulle tuis op die skoonste hare! Onder-soek asseblief gereëld u kind se hare.



KNIEKOMBERSIES:

Baie dankie aan al die ouers wat vir ons wol geskenk het. Die kinders en die naskooldames het saam drie kniekombersies klaar gemaak. 'n Vierde een is in wording. Baie dankie ook aan Ouma Grieta wat elke Maandagmiddag saam met die kinders kom brei. Die kombersies is aan die Moot se CMR geskenk.

"BRING -'N-MAATJIE-DAG"

Vrydag 26 Augustus 2011, is "Bring-'n-'Maatjie-dag" by die naskool. Ons gaan boere-sport hou en nie-naskool-leerders is welkom om saam te kom speel. Nie-naskoolleerders moet asseblief elkeen 'n toestemmingsbrief van hulle ouers bring en R30.00 dagfooi. (Sien asseblief aangehegte skeurstrokie.) Ongelukkig sal ons geen voorskoolse maatjies of hoërskoolleerders saam kan laat speel nie.

KOEKSITERS:

Die Klein Q's verkoop weer heerlike koeksisters. Die groot koeksisters is R30.00 per dosyn en die klein koeksisers is R20.00 per dosyn. Die sluitingsdatum vir bestellings is 30 Augustus 2011 en die koeksisters sal Vrydag 2 September 2011 uitgedeel word.

GESONDHEIDSWENK VIR DIE WEEK:

<u>Maak water jou gesin se primêre drankie:</u>

Jou liggaam bestaan uit ongeveer 70% water en die rede hiervoor is omdat die belangrikste liggaamsfunksies nie sonder water kan gebeur nie. Water is 'n belangrike medium vir prosesse soos, die vervoer van nutri-ente, sirkulasie en temperatuur beheer.

Munisipale water bevat ongelukkig hormone, chloor, bakterieë, en dan ook harde metale omdat die water in ons huise se pype gelei word. Drink dus gesuiwerde water of mineraal water om jou gesondheid 'n "boost" te gee. Kinders op skool moet tussen twee en drie glase water per dag inneem. In die winter maak ek sommer warm "ystee" met heuning om my kinders se vloeistof inname op standaard te hou.

Vriendelike groete

.....

R. LUDICK

PRINSIPAAL

Punte van belang:

Instappie

Kaskarvergadering

Kopluise/nete

Kniekombersies

Bring-'n-maatjie-dag

Koeksisters

Gesondheidswenk

SKEURSTROKIE: "BRING-'N-MAATJIE-DAG"

Hiermee gee ek …… ouer van …….

in graad …….. toestemming dat hy/sy die middag by die naskool mag saamspeel.

R30.00 ingesluit

Sal op 26 Augustus 2011 betaal

HANDIG ASSEBLIEF HIERDIE SKEURSTROKIE BY DIE ALGEMENE KANTOOR VAN DIE SKOOL IN.